

24 Februarie

Genesis 26, (Teks: 26:25)

Lewe by die altaar

Die Here het wonderlike verbondsbeloftes aan sy kerk gegee en dit is al waaruit ons moet put om elke dag met moed en durf te kan voortleef. Tog word ons dikwels so deur ons omstandighede oorweldig dat ons in ons menslike swakheid onveilig en onseker voel. Dit is dan dat ons na menslike plannetjies en oplossings begin soek. Isak voel hom bang dat die Filistyne hom sal doodmaak oor sy mooi vrou Rebekka. Dan vertel hy, nes sy pa, 'n leuen: Rebekka is sy suster, nie sy vrou nie. Dit het nogal gewerk, want nou kon hy saai, kleinvee en grootvee aanhou... en hy het ryk geword. Sy woonplek in Gerar het vir hom baie belangrik geword... dalk te lekker, want ons lees nêrens dat hy werklik aan God gedink het nie. Intussen het die Filistyne afgunstig geword en sy putte begin toegooi. Uiteindelik is sy lewe daar in Gerar in die noute gedruk en hy moes trek... die woestyn in. Wat 'n risiko! Toe hy in Berseba kom, waar hy moes bly, het hy egter eers 'n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep en toe sy tente opgeslaan. Hy gaan nie daar woon alvorens hy die Naam van die Here aangeroep het nie. Nou skuil hy by die Here en nou handel hy ook sonder vrees, want hy sluit 'n ooreenkoms met die Filistyne dat hulle mekaar in vrede sal laat voortbestaan.

Hoeveel wonings word nie vandag gebou sonder altare nie? In hoeveel huise neem God nog sy regmatige plek in? In hoe 'n mate het ons nie aards ingestel geraak en lewe ons nie meer as altaarmense nie? Intussen raak die toekoms vir ons bleek, ons probleme raak te veel!

Maar weet u, die altaar van Isak in Berseba wys heen na 'n ander altaar - die altaar van Golgota! Daar was die Offeraar sonder woning, van God verlate, sodat ons wat sonder woning was, ons wat van God verlate was, in God 'n woning mag hê! Maar die oproep kom: Offer onself, ons gawes!

Sing: Psalm 84:6

Ds. A.B. van der Walt (Sannieshof)